DIE POLITIEKE GEBEURE IN SUID AFRIKA GEDURENDE MY LEWE 1946 - 2019

(Ek deel my sienings in hierdie hoofstuk soos ek dit ervaar het in my vroeë, middel en latere jare van my lewe. Ek het probeer om 'n onbevooroordeelde oorsig van die politieke gebeure te gee, soos dit tydens my lewe in Suid Afrika afgespeel het en soos ek dit ervaar het !).

Ek het kortliks inligting as agtergrond bygevoeg van die regeringsleiers se vroeëre lewens en loopbane vóór hulle aan bewind gekom het. Hierdie inligting verskyn in kursiewe letters.)

Wanneer jy in jou kinderjare is aanvaar jy dinge soos dit is. Die wêreld waarin jy grootgeword het is beperk tot jou gesin, skool, jou vriende en vakansies. In ons beskermende omgewing het ons ons nie veel gesteur aan die politiek en ander sake van die dag nie. Jy is 'n kind afhanklik van jou ouers en aanvaar hulle gesag en beskerming onvoorwaardelik. Hulle weet wat die beste vir jou is en jy is eintlik met niks gepla nie. Ons was onkundig, onbetrokke en eintlik maar onbedagsaam teenoor ander bevolkingsgroepe !

Soos ek in die hoofstukke tydens my laerskool en hoërskooljare genoem het, het ek bewus geword van politieke partye, die regering en die parlement en ook provinsiale en munisipale regerings strukture. Tot 1994 was dit egter mý mense wat daardie funksies verrig het en aan die bewind was. Soos in my ouerhuis het ek onvoorwaardelik aanvaar dat hierdie "ooms" die beste weet hoe om die land te regeer.

In ons huis het ons bediendes, soos hulle destyds bekend was, vir ons in die huis en in die tuin gewerk. Alhoewel hulle ook beskou is as deel van ons "gesin", het hulle in hulle eie kwartiere op ons erf in Pretoria gebly. Hulle het ook nie saam met ons gekuier of geëet nie. Om die waarheid te sê het hulle dieet van ons s'n verskil, want hulle was liewer om stywe mieliepap en bredies met sous te eet, as die kos wat hulle vir ons in die kombuis voorberei het. Hulle het met fietse gery waar hulle wou wees. Hulle eintlike huise, in ons bediendes se geval, was in Groblersdal. As hulle soontoe wou gaan per fiets om by hulle vrouens en kinders te gaan kuier, moes my pa vir hulle 'n brief gee wat hulle by hulle pasboek moes hou, indien 'n polisiebeampte wou weet waarheen hulle gaan. Hulle mag net met toestemming in sekere areas gewees het. Na tienuur saans mag geen nie-blankes meer op straat gewees het nie ! Ons het seker nie eintlik daaroor gedink nie en aanvaar dit is soos dit is. Pretoria was mos óns stad waar die witmense gebly het en die nie-blankes het hulle eie lokasies aan die buitewyke van Pretoria gehad.

Op 'n een tot een basis het ons baie goeie verhoudings met ons huiswerkers gehad. Johannes en sy broer, Isak Sete, het ons drie dikwels toe ons nog kleiner was, met ons fietse gehelp, waaroor hulle baie kennis gehad het. As ek terugdink dan moet ek bely dat ek as kind my nie veel oor hulle sosiale omstandighede bekommer het nie ! Dit was maar soos dit was en soos dit gewerk het. Ons het in 'n gemaksone geleef. Húlle was mos die verleë party, wat by ons wou werk. Omdat hulle nie enige opleiding gehad het nie, het ons seker gedink ons is die weldoeners wat vir hulle werk verskaf het.

So het ons as apartheid kinders grootgeword. Ons leiers het gedink dat elke volk "apart" in hulle eie behuisings gebiede en met hulle eie kultuur moes ontwikkel. Omdat slegs 'n klein gedeelte van die nie-blankes, wat ek eers as Naturelle en later as Bantoes geken het, in die hoër gesofistikeerde en geleerde klas geval het, het die die oorgrote meerderheid eintlik maar as arbeiders in Suid Afrika gewerk, wat beheer is deur witmense met 'n oorspronklike afkoms van Europese lande en Groot Brittanje en 'n sogenaamde eerste wêreldse kultuur.

Omdat ons so in ons eie wêreld grootgeword het, was ons eintlik nie bewus van so baie ander nie-blanke Suid Afrikaners se omstandighede nie. In ons verwysingsraamwerk het apartheid vir ons gewerk en ons was daarmee tevrede. Daar was nie juis by ons 'n inisiatief om dit te verander nie en om dit "reg" te maak nie. Soos die Engelsman sê: "If it works, why fix it ?"

Ek is op 4 Augustus 1946 gebore en Genl. Jan Smuts, leier van die Verenigde Party, was die eerste minister. Aan die einde van sy bewind was daar groot onmin onder baie Afrikaners wat nie die deelname van Suid Afrika in die Tweede Wêreldoorlog saam met Engeland en ander Statebonds lande teen Duitsland gesteun het nie.

Die Nasionale Party, onder die leierskap van Dr DF Malan, het aan die bewind gekom in 1948, twee jaar na my geboorte. Tydens daardie verkiesing het nie net die Verenigde Party verloor nie, maar ook Genl. Jan Smut is in sy kiesafdeling verslaan !

DR DF MALAN

DF Malan is op Riebeek Wes gebore op 22 Mei 1874. Nadat hy 'n BA graad aan die Victoria Kollege verwerf het, studeer hy in die Teologie aan die Stellenbosch Seminarium. Hy behaal ook 'n MA in Filosofie aan die Victoria Kollege, die voorloper van die Universiteit van Stellenbosch. Hy behaal sy doktorsgraad aan die Universiteit van Utrecht in Nederland.

Na 'n Loopbaan as predikant word hy in 1915 oorreed om die redakteur van die nuutgestigte "De Burger" te word, wat as mondstuk gedien het vir die Nasionale Party. In 1915 word hy die leier van die nuutgestigte Kaapse tak van die NP. In 1918 word hy tot Volksraadslid vir Calvinia verkies en vanaf 1938 LV vir Piketberg.

Dr DF Malan

Toe die Nasionale Party die eerste keer in 1924 onder Eerste Minister JBM Hertzog aan bewind gekom het, het DF Malan die Minister van Binnelandse Sake, Onderwys en Publieke Gesondheid geword, 'n amp wat hy tot 1933 beklee het. In 1925 was hy 'n kampvegter dat Afrikaans Nederlands as 'n amptelike taal moet vervang en dat Suid Afrika 'n eie Nasionale vlag moes kry. Na die 1933 verkiesing het die Verenigde Party tot stand gekom na 'n samesmelting van Hertzog se Nasionale Party en die Suid Afrikaanse Party van Generaal Jan Smuts. Malan was sterk teen dié samesmelting gekant en in 1934 het hy en 19 ander Volksraadslede die Gesuiwerde Nasionale Party gestig, wat hy as leier van die opposisie vir die volgende 14 jaar gelei het.

Malan was teen Suid Afrika se deelname aan die Tweede Wêreldoorlog gekant en hierdie sentiment was ook oor die algemeen onder die Afrikaner bevolking gewild. Dit het gelei tot 'n splitsing in die regerende Verenigde Party. Die Lede wat afgesplits het, het oorgeloop na Malan se Nasionale Party, wat Malan se politieke posisie baie versterk het. In 1948 is Generaal Smuts in die algemene verkiesing verslaan en het Malan se Nasionale Party, met hom as Eerste minister, aan bewind gekom.

Dr Malan was 'n groot kampvegter vir Afrikaner Nasionalisme en het begin om die landswette te verander sodat elke bevolkingsgroep onder die Groepsgebiedewet in hulle eie woongebiede moes woon en hulle kinders in hulle eie skole en studente (dié paar wat daar was) in hulle eie universiteite opgelei moes word. Onder die Rasseklassifikasie wet is alle persone as 'n lid van 'n sekere ras geklassifiseer. Onder die Ontugwet kon geen persone wat aan sogenaamde nie-blanke volke behoort het, 'n verhoudings hê met wit mense nie of met hulle getrou het nie.

Selfs onder die blankes was daar min sosiale omgang tussen Afrikaners, Engelse, Jode en Katolieke. Laasgenoemde drie groepe is as volksvreemdes beskou. Die letsels wat die Anglo Boereoorlog en later Suid Afrika se deelname aan die Tweede Wêreldoorlog aan die kant van Brittanje, onder leiding van Generaal Jan Smuts, het nog vlak gelê. Die wen van die verkiesing in 1948 deur die Nasionale Party, wat op daardie stadium oorwegend deur die Afrikaners ondersteun is, het gemaak dat die Afrikanervolk gevoel het dat hy sy land teruggekry het en dat hy nie weer deur ander volke of rasse gedomineer gaan word nie.

In my laerskool jare het ek bewus geword van die terme Nat en Sap. Ek verwys in die hoofstuk oor my laerskool jare daarna. Dit was egter grootmens sake en ek het my nie veel daaraan gesteur nie.

In 1954 het Dr DF Malan afgetree en is deur Adv JG Strydom opgevolg. Hy is egter kort daarna in 1958 oorlede en is toe opgevolg deur Dr HF Verwoerd.

Adv JG Strydom

Dr HF Verwoerd

DR HF VERWOERD

HF Verwoerd is in Amsterdam, Nederland gebore op 8 September 1901, maar in 1903 kom die Verwoerd gesin na Suid Afrika uit simpatie met die Afrikaner volk se nederlaag na die Anglo Boereoorlog. In 1912 trek die Verwoerd gesin na Bulawayo in die destydse Rhodesië, maar keer terug na Suid Afrika in 1917. Verwoerd matrikuleer in Brandfort en behaal die eerste plek in die Oranje Vrystaat en die vyfde plek in

Suid Afrika. Na aanvanklike studie in die Teologie aan die Universiteit van Stellenbosch, slaan hy oor na Sielkunde en Filosofie. In 1923 was hy die Voorsitter van die Studenteraad aan die US. Hy behaal sy doktorsgraad in 1926 met lof. Hy gaan ook oorsee en doen na-doktorale studie in Duitsland. Engeland en Amerika.

Dr HF Verwoerd was op 'n vroeë ouderdom op 26 al 'n professor in Toegepaste Sielkunde en word ses jaar later as professor in Sosiologie aangestel. Daarna word hy die redakteur van die Afrikaanse oggendblad, "Die Transvaler" en 'n politikus na die 1948 verkiesing. Hy word verkies tot die Senaat en word minister van Naturellesake in 1950 in die die kabinet van DF Malan.

Na die dood van Adv JG Strydom, word Dr HF Verwoerd in 1958 Eerste Minister.

Hy is beskou as die meesterbrein agter die sosiale bestuur en die implementering van apartheid, 'n stelsel van wettiging van rasse klassifikasie en geforseerde rasse segregasie, wat tussen 1948 en 1994 in Suid Afrika bestaan het. Dr Verwoerd was 'n ver regse outoritêre leier en Afrikaner Nasionalis. Hy was 'n vurige voorstander van die Afrikaner volk, -taal, -kultuur en Christelike geloof. Hy het geglo dat blanke beheer in Suid Afrika slegs moontlik sou wees indien al die rasse apart woon. Hy het baie apartheidswette ingestel wat die individuele vryhede van die nie-blanke bevolking ondermyn het.

My eerste bewuswording van dat swart mense ongelukkig was met hulle situasie en hulle lewensomstandighede, was toe ek gehoor het van 'n hoogverraad saak teen 156 persone, onder andere Nelson Mandela, wat saamgesweer het om die regering om ver te werp. Hulle is in Desember 1956 in hegtenis geneem en in die Johannesburgse tronk, bekend as Die Fort, aangehou. Ek het geweet van dié verhoor, want een van die advokate in die span aanklaers was advokaat Japie de Vos. Hy was van die Kaap en hy en sy gesin het ons huis in Pienaarstraat 551, Brooklyn, Pretoria, gehuur tydens daardie verhoor, terwyl ons gesin in die Kaap was tydens die Parlementsitting in 1957. Hulle het die tweede helfte van die jaar ander huisvesting gehad. Sy dogter, Emmeline de Vos, was saam met my in die klas in Nieu Muckleneuk Laerskool. Hierdie saak het tot 1961 geduur, waarna al die aangeklaagdes egter onskuldig bevind is.

'n Tweede gebeurtenis wat ek onthou was 'n optog van ongeveer twintig duisend swart vrouens op 9 Augustus 1956 na die Uniegebou, die setel van die regering in Pretoria, om te betoog teen die paswette. Ons het toe in Pretoria gewoon en ek was in standerd 3 (deesdae Graad 5). Ek onthou so vaagweg dat die grootmense daarvan gepraat het, maar in my verwysingsraamwerk van daardie tyd was dit iets van verbygaande aard.

Die volgende gebeurtenis wat die land geskud het, het op 21 Maart 1960 plaasgevind. 'n Skare van ongeveer 5000 tot 7000 optoggangers het opgeruk na die polisiestasie in die Sharpeville behuisings gebied tussen Vereeniging en Vanderbijlpark in die destydse Transvaal, om ook te betoog teen die paswette. Dinge het egter sleg skeefgeloop. Die aanvanklike skynbaar vreedsame protes het ontaard in 'n klipgooiery en die skare het toe op die polisiestasie toegesak. Senuweeagtige polisielede het op die skare begin skiet. Die dodetal het tot 69 gestyg, met nog 180 mense beseer. Dit het wêreldwye reperkussies gehad.

Alhoewel daaroor in die koerante en oor die radio berig is, was die inligting daardie jare in Suid Afrika maar skraps. Ons het nog nie televisie gehad nie en baie min Afrikaners het buitelandse koerante

gelees. Ons het ook dikwels verneem dat dit negatiewe propaganda van die oorsese media was en ons was selfs verontwaardig oor hoe "verkeerd" die buiteland die toestande in Suid Afrika uitgebeeld het !

Op 30 Maart 1960, nege dae later, was ons drie seuns op SASSAR in die Kaap tydens die kort skoolvakansie. Op daardie dag het 30 000 mense van die swart woongebiede Nyanga en Guguletu begin marsjeer na die Parlementsgebou om in solidariteit, met wat in Sharpeville gebeur het, ook teen die paswette te betoog. Ten spyte van die Minister van Polisie se opdrag dat daar op hulle geskiet moes word indien hulle te aggressief word, het Kol IPS Terblanche met hulle leier, Philip Kgosana, onderhandel en het die skare vreedsaam uiteengegaan. Ek onthou nog dat Vlootsoldate met FN gewere die strate van SASSAR kom patrolleer het ná daardie voorval.

Ironies genoeg is Dr HF Verwoerd, die eerste minister van Suid Afrika, 'n paar dae later op 9 April 1960 op die Randse Paasskou deur 'n blanke man, David Pratt, in die kop geskiet. Dr Verwoerd het daardie aanslag op sy lewe wonderbaarlik oorleef. Ek kan nie onthou of daar enige konneksie met daardie voorval en die protesaksies van swart mense bewys kon word nie. Toevallig was twee van Dr Verwoerd se seuns in daardie tyd saam met ons in die sogenaamde Sessie koshuis vir kinders van ouers wat in Pretoria gewerk het maar met Parlementsittings diens in die Kaap moes doen.

Na dié gebeure in 1960 het die ANC oorgegaan tot die stigting van 'n gewapende vleuel, Mkhonto we Sizwe (MK), wat "Die Spies van die Nasie" beteken het.

Op 11 Julie 1963 is 19 ANC en MK Leiers, insluitend Nelson Mandela, op 'n plaas Liliesleaf in die woongebied Rivonia in hegtenis geneem. Die aanklag teen hulle was dat hulle mense opgelei het in die voorbereiding en gebruik van plofstof en in guerrilla oorlogvoering met die oog op 'n gewelddadige revolusie en dade van sabotasie. Asook sameswering om bogenoemde dade te pleeg en om vreemde militêre magte by te staan wanneer hulle die Republiek van SA binnedring. Asook om kommunisme te bevorder en die werf en ontvangs van fondse vir bogenoemde doeleindes van simpatiseerders in Algerië, Ethiopië, Liberië, Nigerië, Tunisië en elders.

Nelson Mandela in die vroeë sestigerjare

Die Rivonia verhoor het tussen 9 Oktober 1963 en 12 Junie 1964 in die Paleis van Justisie in Pretoria plaasgevind. Dit het gelei tot die skuldigbevinding van Nelson Mandela en andere op die aanklagte teen hulle en meeste van hulle is gevonnis tot lewenslange gevangenskap.

(Nelson Mandela was 27 jaar en 8 maande in die tronk, waarvan 18 jaar op Robben Eiland. Hy is op 11 Februarie 1990 deur President FW de Klerk vrygelaat).

In die vroeë sestigerjare, toe al bogenoemde gebeure plaasgevind het, het ek aangegaan met my lewe op skool en was grootliks onbewus van die betekenis van al hierdie dinge.

Met my blootstelling aan die Kaap sedert 1956 het ons die sogenaamde Kleurlinge, of bruinmense, beter begin leer ken. Hulle het my taal, Afrikaans, gepraat, alhoewel baie van hulle uit verset teen apartheid nie meer die taal van die "verdrukker" wou praat nie. Hulle het begin om Engels onder mekaar en met hulle kinders te praat. Gewoonlik maar swak Engels en daarom praat die minder gesofistikeerde bruinmense vandag nog steeds swak Engels !

Na skool is ek vir nege maande Vloot toe. Hier het ek die eerste keer kennis gemaak met ander wit jongmanne uit ander sfere van die sogenaamde blanke bevolking. Ek was nou saam in 'n slaapsaal met Engelse, Christene en Jode, met wie ek weens die onderwysbeleid op daardie stadium nie saam op skool was nie. Dit was die ouens na wie ons verwys het as "souties" en "hakneuse" en hulle van ons gepraat het as "Dutchmen, hairy backs en "rockspiders" ! Toe kom ons almal agter ons is maar eintlik net dieselfde en dat ons net hier en daar ander gewoontes het wat ons maar aangeleer het soos ons grootgemaak is.

Op Stellenbosch, en meer spesifiek in Wilgenhof, het 'n nuwe fase in my lewe ingetree, wat betref 'n sensitiwiteit ten opsigte van wat om jou aangaan. Ons is aangemoedig om dinge te bevraagteken en vir jouself te dink. Moenie 'n "papegaai wees nie" ! Ons het geleidelik uit die geïndoktrineerde, outokratiese manier van doen uitgekom, waaraan ons op skool, die kerk en in die weermag gewoond was en het dinge begin bevraagteken, ook wat in ons land aangaan ! Soos ons vandag sou sê, het ons buite die boks begin dink !

In die kultuur van Wilgenhof se bevraagtekening van wat om jou gebeur, het jy meer begin wonder of dit wat jy tot nou toe ook maar net aanvaar het, so moet wees en ook regverdig vir ander dele van die bevolking is ? Ek het in Pretoria grootgeword waar die sogenaamde nie-blankes lede van 'n swart bevolking was. Toegegee, daar is baie groot kultuurverskille tussen wit mense van 'n oorwegend Europese afkoms en die swart bevolkings, wat hulle weg uit die noorde deur Afrika hier na Suid Afrika gevind het. Maar die vraag het ontstaan of die wette om almal apart te hou ons nie in 'n posisie geplaas het dat ons eintlik glad nie méér van mekaar en elkeen se aspirasies kon leer ken nie. Of dat hulle, weens die Groepsgebiedewet, ver uit die stede gewoon het en soggens donker moes opstaan om deur meer as een taxi of trein by die werk te kom nie. En saans weer laat donker by die huis gekom het.

Ek het bewus geword dat bruinmense uit hulle omgewings verskuif is omdat dit die regering nie gepas het dat hulle daar woon nie. Van hulle het op daardie stadium al geslagte in hulle woongebiede gewoon.

Distrik Ses, reeds in 1867 so genoem omdat dit die sesde munisipale distrik in Kaapstad was, is 'n tragiese voorbeeld. Na die Tweede Wêreldoorlog, in die vroeë apartheidsjare, was Distrik Ses relatief kosmopolities. Dit was naby die Kaapse dokke geleë en die inwoners het hoofsaaklik uit gekleurde inwoners bestaan, wat ook 'n groot aantal Moslems, ook bekend as Kaapse Maleiers, ingesluit het. Daar was ook 'n paar Xhosa inwoners en ook Afrikaans- en Engelssprekende blankes en 'n paar Indiërs. Die apartheids regering se redes waarom die inwoners verskuif moes word was dat inter-rasse verhoudings

gelei het tot konflik, wat die regering genoop het om die rasse te skei. Distrik Ses is ook as ‘n krotbuurt beskou, wat nie rehabiliteer kon word nie en dit is as ‘n gevaarlike buurt met ‘n hoë voorkoms van misdaad beskou en dat immorele aktiwiteite soos dobbelary, drankmisbruik en prostitusie hoogty gevier het.

Dit het gelei tot die gedwonge verskuiwing van meer as 20 000 mense na die sandwêreld van die Kaapse Vlakte soos Mitchells Plain ! Meeste inwoners het egter geglo dat die regering die grond wou hê weens die nabygeleë ligging tot die middestad, Tafelberg en die Kaapse hawe.

Ook op Stellenbosch moes inwoners, wat jare lank in die buurt bekend as Die Vlakte, wat omgrens is deur Victoriastraat, Birdstraat, Banhoekweg en Joubertstraat, trek na Idasvallei of ‘n nuwe buurt, Cloetesville, noord van Stellenbosch. Ongeveer 3000 bruin- en 300 witmense het hier gewoon. Alhoewel dit hoofsaaklik ‘n werkersbuuurt was, was daar ‘n hele paar aantreklike Kaaps-Hollandse huise in Ryneveldstraat, waar vooraanstaande bruin families gebly het. Anders as Distrik Ses was hierdie buurt rustig en geen misdaad het hier voorgekom nie. In 1964 het die regering besluit dat die Hoërskool Lückhoff, die hart van die bruin gemeenskap, na Idasvallei verskuif moes word. Kort daarna (seker in die tyd toe ek op Stellenbosch in 1965 aangekom het), het Die Vlakte se inwoners kennis gekry dat hulle na Idasvallei of Cloetesville toe moes trek. Saam met die 3000 bruin inwoners is ses skole, vier kerke, ‘n bioskoop en tien sake-ondernemings ook verskuif. Om alles te kroon is al die Kaap-Hollandse wonings in Ryneveldstraat platgeslaan om plek te maak vir, onder andere, nuwe Universiteitsgeboue.

Ek, en seker meeste van die wit inwoners van Stellenbosch, was waarskynlik nie daarvan bewus nie of het nie ernstig aandag aan hierdie gedwonge verskuiwings gegee nie. Die regering se rasionalisasie daarvoor was dat die inwoners nou hulle eie huise en sake ondernemings kon besit, waar slegs ongeveer 20% van Die Vlakte se inwoners hul eie eiendomme besit het. ‘n Gelukkige en ordelike gemeenskap is met wortels en tak uitgeruk en elders neergegooi. Hulle was nou ver weg van kerke, skole en winkels en ander plekke waar hulle sake gedoen het. Dié verskuiwing het die hart uit bruin Stellenbosch geruk !

Anders as my kontak met die swart mense in die destydse Transvaal, waar ek groot geword het, het ek aangevoel dat hierdie bruinmense van die Kaap, wat ek leer ken het, mý kultuur en taal met my deel. Hulle is “onse mense” en die regering van daardie tyd, vir wie ek op daardie stadium moontlik toe al eenkeer gestem het, het hulle verloën !

Die tekens van verset by die swart mense was reeds daar. Tog het ons, die sogenaamde blanke gemeenskap, die bruinmense van ons vervreem deur ook hulle stemreg van hulle te ontneem. In plaas dat ons bondgenote van hulle gemaak het , in ‘n situasie wat ek toenemend begin sien het as ‘n *kultuur probleem*, het ons vyande van hulle gemaak. Toe die onluste begin het, het die bruinmense ook klippe na die regeringsmagte (lees polisie) gegooi !

Tydens my mediese opleiding het ek as student en later as intern en mediese beampte met baie goed opgeleide en gekwalifiseerde bruin verplegings personeel saamgewerk. Alhoewel ons weens die apartheid stelsel hulle nie sosiaal goed geken het nie, het ek besef dat hulle basies dieselfde kultuur as ons Afrikaners het. Apartheid het hulle egter van ons vervreem en hulle wou liewer met die Engelse geassosieer wees. Hulle het eerder met hulle kinders Engels gepraat en daarom praat meeste bruinmense uit die werkersklas steeds ‘n vrot Engels. Ek kon assosieer met die blanke persone se vrese vir swart oorheersing en daarom die strewe na apartheid, maar in die prose is hoog gesofistikeerde en ontwikkelde bruinmense oor dieselfde kam geskeer. Dit het nie vir my sin gemaak nie. Hierdie mense

kon nie eers in dieselfde restaurante as witmense eet nie, maar was goed genoeg om ons kinders op te pas, in ons huise te werk en in dieselfde winkels hul inkopies te doen.

Studente op Stellenbosch en besonder die twee koshuise, Wilgenhof en Simonsberg, is op daardie stadium met primarii soos Christo Wiese en Willem van Drimmelen, beskou as liberale ("libbie") koshuise. Waarskynlik omdat hulle vir hulself gedink het en die status quo bevraagteken het !

Dit was die era toe Professor Willem de Klerk, van die Potchefstroom Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys (en ouer broer van die latere President FW de Klerk), die terme "verlig" en "verkramp" onder blanke Suid Afrikaners begin gebruik het. Beide groepe het waarskynlik weens hulle omstandighede en waar hulle gewoon het en weens die bevolkingsgroepe waaraan hulle blootgestel was, hulle eie verwysingsraamwerke oor sogenaamde anderskleuriges ontwikkel en dus aan een van hierdie groepe behoort. Toe ek in Pretoria gewoon het, het ek geen idee gehad van die kultuur van die bruinmense nie totdat ons met ons blootstelling aan die Kaap, veral op universiteit en daarna, hulle beter leer ken het.

Ek het geleer dat die politieke party wat aan die bewind is, almal in dieselfde blik wil druk. En dit is vandag nog steeds so.

Op 6 September 1966 word die eerste minister, Dr HF Verwoerd, in die Parlement in sy bank deur 'n bode van die Parlement, Demetrios Tsafendas, met 'n dolk vermoor.

Op 13 September 1966 word Adv BJ Vorster as eerste minister verkies.

BJ VORSTER

BJ (John) Vorster is gebore op 13 Desember 1915 op Jamestown in die Oostelike Kaapprovinsie as die vyftiende kind van 'n suksesvolle skaapboer. Hy ontvang sy skoolopleiding op Jamestown en studeer in die regte aan die Universiteit van Stellenbosch en gradueer in 1938. Hy praktiseer in die regte in Port Elizabeth en Brakpan. Hy was streng gekant teen Suid Afrika se deelname aan die Tweede Wêreldoorlog aan die kant van die Britse en later die Geallieerde Magte.

Hy het aangesluit by die Ossewabrandwag wat in 1938 gestig is tydens die eeufees van die Groot Trek. Alhoewel hierdie organisasie dade van sabotasie teen die regering gedurende die Tweede Wêreldoorlog gepleeg het, het hy ontken dat hý ooit daarby betrokke was. Hy het verklaar dat hy anti- Brits was en nie pro-Nazi nie !

Adv BJ Vorster

Adv BJ Vorster, beter bekend as John Vorster, is gedurende die Tweede Wêreldoorlog in Koffiefontein deur die Smuts regering geïnterneer weens sy anti-Britse sentimente. *Na sy ontslag uit detensie in 1944 het hy 'n aktiewe lid van die Nasionale Party onder Dr DF Malan geword.*

John Vorster was bekend as 'n getroue ondersteuner van apartheid, veral as Minister van Justisie in Dr Verwoerd se kabinet. Hy het wetgewing ingestel wat voorsiening gemaak het om persone, wat die staatsveiligheid bedreig het, vir 90 dae sonder verhoor aan te hou. Hy was ook Minister van Justisie tydens die Rivonia verhoor waarin Nelson Mandela en andere lewenslang tronkstraf gevonnis is vir sabotasie en hoogverraad teen die staat. As Eerste Minister het hy sy vriend en mede geïnterneerde op Koffiefontein gedurende die Tweede Wêreld oorlog, Generaal Hendrik van den Berg, aangestel as hoof van die Buro vir Staatsveiligheid. In Engels, Bureau for State Security (BOSS). Streng wetgewing teen terrorisme is ook deur hom ingestel. Hy was eerste minister tydens die Soweto onluste in 1976 en in 1977 tydens die dood van die anti-apartheids aktivis, Steve Biko, in aanhouding.

Hy was meer pragmaties in sy buitelandse beleid met swart buurstate en ander Afrika state om betrekkinge te verbeter, veral toe Portugal hom aan Mosambiek en Angola onttrek het. Hierdie inisiatiewe van hom het bekend gestaan as sy *détente* beleid (die vermindering van vyandighede en om diplomatieke verhoudings te verbeter) in Afrika. Hy was ook instrumenteel in die skikking in Rhodesië.

Hy is geïmpliseer by die Inligtingskanaal wat tot sy bedanking as eerste minister in 1978 gelei het Alhoewel hy daarna as seremoniële Staatspresident verkies is, het hy agt maande later ook uit dié amp bedank toe die Erasmus Kommissie bevind het dat hy wél kennis gedra het van staatsfondse om 'n Engelse koerant, "The Citizen", te stig om apartheids propaganda onder Engelssprekendes in Suid Afrika en in die buiteland te bevorder. Dr Connie Mulder was Minister van Inligting, wat hierdie projek saam met mnr Eschel Rhoodie, Sekretaris van Inligting, Generaal Hendrik van den Bergh, Hoof van die Buro van Staatsveiligheid (BOSS) en in medewete van die eerste minister, mnr John Vorster, gedryf het. Die Kontroleur en Ouditeur Generaal, mnr GF Barrie, het hierdie bedrywighede op die lappe laat kom, wat tot die einde van hulle loopbane gelei het.

Tydens John Vorster se tyd as eerste minister het daar op 16 Julie 1976 'n betogings in Soweto plaasgevind deur skoolgaande leerders. Hulle het betoog teen die implementering van dubbelmedium onderrig in Engels en Afrikaans op 'n 50:50 basis in die swart skole dwarsdeur Suid Afrika, ongeag die meerderheid se plaaslike taal. Van die vakke se eksamens is ook slegs in Afrikaans afgeneem. Die leerders het aanvanklik vreedsaam betoog, totdat die polisie op die toneel verskyn het. Die skare het tot 13000 aangegroei. Van hulle het gewelddadig begin raak, die polisie met klippe gegooi en voertuie aan die brand gesteek. Twee beamptes van die Wes Randse Administrasie Raad is gedood. Alhoewel aanvanklik net van traanrook gebruik gemaak is om die skare uitmekaar te laat gaan, het die polisie ook op hulle begin skiet. Baie kinders is gewond en 'n paar is gedood. Hector Pieterson was 12 jaar oud toe hy op 16 Junie 1976 deur die polisie doodgeskiet is. 'n Foto van 'n sterwende Hector Pieterson, wat deur 'n ander leerder gedra word en met sy suster wat langsaan saam hardloop, is wêreldwyd gepubliseer en was baie slegte publisiteit vir Suid Afrika.



Op dié foto van 2011 hou die Suid-Afrikaanse fotograaf Sam Nzima sy bekende foto vas waarop die 13-jarige Hector Pieterson gedra word nadat hy tydens die Soweto-opstande in 1976 geskiet is. Nzima is Saterdag in die ouderdom van 83 jaar dood. Foto: AP

16 Junie het vir baie jare die simbool geword van die weerstand teen die brutaliteit van die apartheidsregering. Na 1994 het 16 Junie 'n publieke vakansiedag geword, bekend as Jeugdag, ter ere van die jeug wat opgestaan het vir hulle regte.

Hierdie insident het ook aanleiding gegee tot verdere betogings en geweld deur die hele Suid Afrika. Ook die ANC en PAC in ballingskap in die buiteland het dié geleentheid gebruik om meer mense te werf vir militêre opleiding in die buiteland vir 'n gewapende stryd teen die Suid Afrikaanse regering.

In 1976 was die destydse Suid Wes Afrika steeds 'n sogenaamde mandaat gebied wat deur die Suid Afrikaanse regering bestuur is. Dié mandaat is aan Suid Afrika gegee deur die Volkebond, wat ontstaan het na die Tweede Wêreldoorlog. Met die bewindsverandering in Suid Afrika in 1948, het die Suid Afrikaanse regering ook sy apartheidsbeleid in SWA toegepas. In die sewentiger en tagtigerjare was daar baie druk van die lede van die Verenigde Nasies (wat die Volkebond opgevolg het), om Suid Afrika van sy mandaat, om die gebied te bestuur, te ontneem.

In die sewentigerjare het ek in Karl Bremer en Tygerberg hospitale gewerk. Met die totstandkoming van die Geneeskunde Fakulteit aan die Universiteit van Stellenbosch in 1956 is reeds begin met die beplanning van 'n tersiêre opleidings hospitaal wat in Parow op die Kaapse Vlakte gebou sou word. Hierdie hospitaal, wat later die Tygerberg Hospitaal genoem is, is in die gees van die apartheidsbeleid so ontwerp dat blanke pasiënte aan die westekant en nie-blanke pasiënte aan die oostekant behandel is. Alle diagnostiese dienste soos radiologie en patologie laboratoria was in die middel van die hospitaal gesetel. Die Kaapse Provinsiale Administrasie was baie trots op dié nuwe hospitaal. Daar is gesê dat alle mediese fasiliteite wat aan die blankes beskikbaar was, ook aan die nie-blanke pasiënte beskikbaar was, wat natuurlik waar was. Ook alle spesialiteitsdienste, soos daar by 'n opleidingshospitaal is, was vir almal beskikbaar. Die blankes en nie-blankes is net in aparte buitepasiënt en ongevalle afdelings gesien en in aparte sale verpleeg. Ironies genoeg is alle pasiënte op dieselfde operasie lyste en in dieselfde operasieteaters in die middel van die hospitaal tussen oos en wes geopereer !

PW BOTHA

PW Botha word 1978 verkies tot Eerste Minister deur in ‘n stemming Dr Connie Mulder met 78-72 te verslaan. Kort nadat hy eerste minister geword het, het hy die Erasmus Kommissie aangestel om die inligtingskandaal verder te ondersoek. Hierdie kommissie het die bevinding van die Verkose Komitee van Publieke Verantwoordbaarheid omgekeer, wat John Vorster en Connie Mulder baie méér in die skandaal geïmpliseer het. Die kommissie het bevind dat John Vorster alles van die misbruik van staatsfondse geweet het daartoe ingestem het. Mnr John Vorster het toe ook as Staatspresident bedank.

PW Botha is gebore op 12 Januarie 1916 op ‘n plaas naby Paul Roux in die destydse Oranje Vrystaat. Hy matrikuleer in Bethlehem en studeer vanaf 1934 in die regte aan Grey Universiteitskollege, die latere Universiteit van die Oranje Vrystaat. Hy staak sy studies en word ‘n Nasionale Party organiseerder in die Kaapprovinsie. Hy word in 1946 verkies as leier van die Nasionale Party se jeugorganisasie en twee jaar later word hy verkies tot die Volksraad vir die kiesafdeling, George, in die Kaapprovinsie.

Mnr PW Botha

Toe mnr PW Botha eerste minister geword het, het hy steeds die portefeulje van Verdediging behou, wat hy in John Vorster se kabinet beklee het. Hy het as minister van Verdediging Suid Afrika se militêre vermoë en wapenindustrie baie groot uitgebou. Hy was van mening dat die behoud van die apartheidsbewind, alhoewel ongewild, krities was om die getygolf van kommunisme te stuit. Veral nadat die twee voormalige kolonies en buurstate, Angola en Mosambiek, hulle onafhanklikheid van Portugal verkry het.

Onder mnr PW Botha as minister van Verdediging is in 1977 begin met ‘n geheime kernwapen program, wat gelei het tot die vervaardiging van ses kernbomme, wat eers in 1990 vernietig is.

PW Botha het vasgestaan dat die Suid Afrikaanse regering Suid Wes Afrika moes administreer, solank daar Kubaanse teenwoordigheid in die gebied was. Suid Afrika het ook steun verleen aan die rebelle beweging van Dr Jonas Savimbi, UNITA, in die Angolese Burgeroorlog tot in die laat 1980’s. Dit alles in die stryd teen kommunisme gedurende daardie tyd. Om Suid Afrika se militêre krag in die streek te

handhaaf, was daar ‘n baie streng stelsel van militêre diensplig vir twee jaar onder blanke Suid Afrikaanse mans.

Op 29 September 1978 reeds het die Veiligheidsraad van die Verenigde Nasies Resolusie 435 aanvaar, wat Namibië (die VN se naam vir SWA) onafhanklikheid sou gee en ook verklaar het dat die Namibiese kwessie opgelos moet word en dat Suid Afrika sy onwettige administrasie van die gebied moes beëindig. Die United Nations Transition Assistance Group (UNTAG) is gestig, wat ‘n verkiesing en oorgang na ‘n nuwe regering moes bewerkstellig. Die “onwettige” Suid Afrikaanse administrasie moes uitgesluit wees van die verkiesingsproses.

Intussen was daar ‘n gewapende stryd tussen Suid Afrikaanse regeringsmagte en lede van die South West Peoples Organisation (SWAPO), ondersteun deur gewapende Kubaanse magte, aan die gang. Ook op diplomatieke front was daar ellelange onderhandelings om die sogenaamde SWA/Namibiese vraagstuk op te los.

Die Driekamer- Parlement was die naam van die Suid Afrikaanse Parlement en sy strukture vanaf 1984, wat die Suid Afrikaanse Grondwet van 1983, wat goedgekeur is deur die blanke stemgeregtigdes, ingestel het. Die Driekamer-Parlement het sy ontstaan gehad na ‘n voorlegging van die Presidentsraad, wat in 1981 die Senaat vervang het. Hierdie voorlegging het gevra vir die implementering van “magsdeling” tussen die Wit, Bruin en Indiër bevolkingsgroepe. Hoewel dit steeds die politieke mag van die wit deel van die bevolking (of, meer spesifiek die Nasionale Party) verskans het, was dit ‘n poging om ‘n beperkte politieke stem aan die Bruin en Indiër bevolkingsgroepe te gee. Die Huis van Verteenwoordigers het die Bruinmense en Die Huis van Afgevaardigdes het die Indiërs in Suid Afrika verteenwoordig. Die meerderheid van Suid Afrika se bevolking, die swart bevolkingsgroepe, was egter van hierdie bedeling uitgesluit.

Op Maart 1982 het Dr AP Treurnicht en 22 ander LV’s uit die Nasionale Party bedank om die Konserwatiewe Party te stig, in opposisie tot PW Botha se beperkte hervormings ten opsigte van apartheid.

Met die 1983 Grondwet is die ampte van seremoniële Staatspresident en eerste minister afgeskaf en deur ‘n uitvoerende President vervang is. As leier van die Nasionale Party is mnr PW Botha tot die eerste uitvoerende President van Suid Afrika verkies.

Die Driekamer-Parlement het egter baie opposisie van die United Democratic Front (UDF) gekry. Die UDF was ‘n groot groep van anti-apartheids organisasies van die 1980’s. Dit het bestaan uit ‘n nie-rassige koalisie van ongeveer 400 burgerlike, kerklike, werkers- en ander organisasies wat in 1983 tot stand gekom het om die beoogde Driekamer-Parlement te beveg. Die UDF se hoofdoel was om ‘n nie-rassige, verenigde Suid Afrika tot stand te bring, waar alle segregasie afgeskaf word en waar die bevolking bevry is van institusionele rassisme. Hulle slagspreuk was “UDF unite, Apartheid divide”. Die UDF het protesaksies organiseer, werker wegbly aksies en boikotte gereël en die Driekamer-Parlementêre stelsel geboikot. Veral na September 1984.

In Februarie 1985 word verskeie UDF leiers gearresteer en aangekla van hoogverraad. Die UDF is beskuldig dat dit ‘n skadu front van die ANC was, wat op daardie stadium ‘n verbande organisasie was. In November 1988 is agt van die aangeklaagdes egter op alle aanklagte vrygespreek, terwyl vier skuldig bevind is aan terrorisme en wat geweld in swart woongebiede aangeblaas het in 1984, in ‘n poging om

Suid Afrika onregeerbaar te maak. Hierdie skuldigbevindings is egter in die Appèlhof in Bloemfontein in 1989 omgekeer en die beskuldigdes is vrygelaat.

Groot verwagtings is in Augustus 1985 geskep dat mnr PW Botha vêrreikende hervormings oor apartheid in Suid Afrika by die Natalse Nasionale Party kongres op 15 Augustus in Durban sou aankondig. Diplomate oor die wêreld en die internasionale media is hieroor ingelig. Tydens die toespraak het daar nie veel van gekom, soos van sy ministers verwag het nie. Hierdie toespraak, waar PW Botha toe nie die "Rubicon kon oorsteek nie", het toe bekend gestaan as sy Rubikon toespraak. Suid Afrika is verder geïsoleer, die Rand het gedaal en verdere ekonomiese sanksies is ingestel teen Suid Afrika. Tog het politieke kommentators later gevoel dat hierdie gebeurtenis aanleiding gegee het tot " 'n vaart versnelling en draaikolke in die apartheid rivier, wat later sou blyk 'n keerpunt in die ten gronde gaan van die Nasionale Party regering was".

Na die Tweede Wêreldoorlog was die VSA en die Sowjet Unie die wêreld se sterkste nasies en het as super moondhede bekend gestaan. Hulle beleide oor regerings vorme het verskil. Die VSA het 'n kapitalistiese ekonomiese stelsel en die reg tot privaat besit gehad, terwyl die Sowjet Unie 'n staatsbeheerde kommunistiese stelsel aangehang het. Hulle het in 'n oorlog van ideologieë betrokke geraak en dit is die Koue Oorlog genoem.

Ronald Reagan

Mikhail Gorbachev

Militêre wapens het die magsewewig gehandhaaf. In die tagtigerjare het die Sowjet Unie se ekonomie begin kwyn as gevolg van hulle kollektiewe landbou beleid en oneffektiewe staatsbeheerde industrieë. Saoedi Arabië het ook hulle olie produksie verhoog, wat tot gevolg gehad het dat die olieprys in 1985 met 'n derde gedaal het. Dit het die Sowjet Unie se inkomste uit die uitvoer van olie erg laat krimp, wat die Sowjet Unie se ekonomie in Gorbachev se termyn erg benadeel het. President Ronald Reagan van die VSA het hierdie geleentheid gebruik om Mikhail Gorbachev van Rusland na beduidende wapen ooreenkomste oor te haal. Reagan het geglo dat indien hy die Sowjet Unie tot 'n groter vryheid van spraak en 'n meer demokratiese stelsel kon oorreed, dit die einde van kommunisme sou beteken. In November 1989, tien maande na Reagan se termyn as President van Amerika verstryk het, het die Berlynse Muur geval en het die Koue Oorlog op 'n beraad op 3 Desember 1989 tot 'n einde gekom. Twee jaar later het die Soviet Unie in 1991 aan sy einde gekom.

In die vroeë tagtigerjare het geweld in die Suid Afrika toegeneem en baie kommentators het ‘n burgeroorlog voorspel. Dit het ook gepaard gegaan met ekonomiese sanksies teen Suid Afrika. Daar is ‘n beroep gedoen om Nelson Mandela vry te laat. In Februarie 1985 het President Botha aangebied om hom vry te laat indien hy onvoorwaardelik geweld sou afsweer. Sy antwoord was dat “hy nie sy vryheid kan aanvaar as die ANC steeds verban is nie. Slegs vry persone kan onderhandel. ‘n Gevangene kan nie ooreenkomste aangaan nie.”

‘n Noodtoestand is in 1986 afgekondig en die regering het die weermag en polisie gebruik om die geweld te onderdruk. Die anti-apartheids weerstandsbewegings het teruggeslaan met 231 aanvalle in 1986 en 235 in 1987. Die regering het ook koverte steun gegee aan vigilante groepe sowel as aan die Zoeloe nasionale beweging Inkatha, wat in ‘n toenemende gewelddadige stryd met die ANC was. Mandela het gevra vir samesprekings met President Botha, maar dit is nie toegestaan nie. Intussen het die minister van Justisie, Mnr Kobie Coetsee, hom in die geheim ontmoet in 1987, asook Dr Niel Barnard, die Direkteur van Nasionale Intelligensie. Mandela het steeds sy en ander politieke gevangenes se vrylating verwerp totdat die regering sý gewapende aktiwiteite staak en geweld afsweer.

Suid Afrika se militêre betrokkenheid in SWA en Angola is beëindig met ‘n Drie Party Verdrag tussen Angola, Kuba en Suid Afrika, wat op 22 Desember 1988 by die Verenigde Nasies se hoofkwartier in New York onderteken is.

Tydens die val van die Kommunisme het President PW Botha in Januarie 1989 ‘n ligte beroerte gehad, wat hom verhoed het om ‘n vergadering met Namibiese politieke leiers op 20 Januarie 1989 by te woon. Op 2 Februarie 1989 bedank hy as hoofleier van die Nasionale Party. FW de Klerk word toe as leier van die Nasionale Party verkies.

Daar was daarna al hoe meer spanning tussen President PW Botha en senior lede van sy kabinet. Na ‘n vergadering met sy kabinet op 14 Augustus 1989 bedank hy. As leier van die Nasionale Party word Mnr FW de Klerk toe waarnemende Staatspresident en word ‘n maand later as Staatspresident ingesweer.

FW DE KLERK

Mnr FW de Klerk is gebore in Johannesburg op 18 Maart 1936. Hy matrikuleer aan die Monument Hoërskool, Krugersdorp. Hy gradueer in 1958 aan die Potchefstroom se Universiteit vir CHO met BA LL.B. (cum laude) en praktiseer as ‘n regspraktisyn in Vereeniging. Hy het uit ‘n konserwatiewe omgewing gekom. Sy pa se suster was getroud met die NP Eerste Minister JG Strydom. Toe die Nasionale Party aan bewind kom in 1948 het sy pa, Jan de Klerk, Sekretaris van die Nasionale Party in Transvaal geword en later ‘n kabinetsminister en President van die Senaat. Sy broer, Willem de Klerk was ‘n akademikus, liberale joernalis en een van die stigters van die Demokratiese Party.

FW de Klerk is in 1969 verkies tot die Volksraad as NP lid vir Vereeniging en is in 1978 in die kabinet aangestel as minister van Pos en Telekommunikasie en Maatskaplike Dienste en Pensioene deur Eerste Minister BJ Vorster. Hy dien ook in verskeie portefeuljes in die kabinet van eerste minister en later President PW Botha.

FW de Klerk

Die val van Kommunisme onder die bewind van Mikhail Gorbachev van Rusland, die implementering van die VN se Sekuriteitsraad se Resolusie 435 in Namibië op 1 April en die val van die Berlynse Muur in November 1989, het President FW de Klerk die geleentheid gegee om hervormings in Suid Afrika op 2 Februarie 1990 aan te kondig. Die ANC en ander anti-apartheid groepe is ontban en Nelson Mandela en ander leiers van die ANC sou vrygelaat word. Op 11 Februarie 1990 is Nelson Mandela uit die Victor Verster gevangenis vrygelaat. Op 21 Maart 1990 word SWA onafhanklik onder die naam Namibië. In Junie daardie jaar is die noodtoestand in Suid Afrika opgehef en die ANC het ingestem tot 'n wapenstilstand. In 1991 word hoeksteen wette van apartheid afgeskaf, naamlik die Groepsgebiedewet en die Wet op Rasseklassifikasie. Die tafel was gedek vir onderhandelings tydens die vroeë negentig jare vir 'n nuwe nie-rassige Suid Afrika.

Maklik was dit egter nie. Die apartheid stelsel in Suid Afrika is uiteindelik eers beëindig na 'n reeks van samesprekings tussen 1990 en 1993, bekend as KODESA (Konvensie vir 'n Demokratiese Suid Afrika), asook deur unilaterale stappe deur die FW de Klerk regering. Hierdie samesprekings het plaasgevind tussen die regerende Nasionale Party, die ANC en 'n wye verskeidenheid van ander politieke organisasies en ook teen die agtergrond van geweld in die land, insluitend beskuldigings dat die regering 'n sogenaamde "derdemag" gefinansier het om die land te destabiliseer.

In veral die swart behuisings gebiede het baie intimidasie voorgekom. Die berugte vorm van teregstelling, bekend as "necklacing", of halssnoer moorde, het voorgekom. Persone, soos dorps raadslede, swart polisiemanne en andere wat daarvan beskuldig is dat hulle met die regering of die polisie heul of saamwerk, het 'n buiteband, gevul met petrol, oor hulle nek en boarms gekry, wat dan aan die brand gesteek is. Hierdie praktyk is dikwels onder die vaandel van die ANC uitgevoer, alhoewel die ANC se Nasionale Uitvoerende Komitee dit ontken het. Die aantal mense wat dood is per maand in Suid Afrika, wat toegeskryf is aan politieke geweld, was gemiddeld 240. Hierdie aantal sterftes was nie almal weens halssnoer moorde nie.

Die samesprekings het uiteindelik gelei tot die eerste demokratiese verkiesing in Suid Afrika op 27 April 1994. Ten spyte van die voorafgaande onrus en geweld en pessimisme onder veral baie wit mense, het die verkiesing vreedsaam en met baie geduld onder die kiesers plaasgevind. Die verkiesing was so gewild onder die bevolking dat die volgende dag, 28 April 1994, ook as nasionale vakansiedag verklaar is om die verkiesing af te handel. Die ANC in alliansie met Cosatu en die Suid Afrikaanse Kommunistiese Party, het soos verwag, met 'n groot meerderheid gewen.

NELSON MANDELA

Nelson Mandela is gebore op 18 Julie 1918 in 'n dorpie Mvezo in Umtata, wat destyds deel van die Kaapprovinsie was. Hy het grootgeword in die dorpie Qunu, waar hy onder andere ook beeste opgepas het. Beide sy ouers was ongeletterd, maar sy ma, wat 'n toegewyde Christen was, het hom na 'n plaaslike Metodiste skool gestuur toe hy sewe jaar oud was. Sy skooljuffrou het hom die Engelse voornaam, Nelson, gegee.

As 'n afstammeling van die koningshuis van die Temboes, het sy ma hom na die die "Groot Plek", die Mqhekezweni paleis geneem, waar hy toevertrou is aan die voogskap van 'n Temboe regent, Hoofman Jongintaba Dalindyebo. Hy het sy ma vir baie jare nie gesien nie, maar is soos 'n eie seun deur Jongintaba en sy vrou, Noengland, saam met hulle eie kinders grootgemaak.

Hy het die Metodiste Sendingskool langs die paleis bygewoon, waar hy Engels, Xhosa, Geskiedenis en Aardrykskunde geleer het. In 1933 het hy sy sekondêre skoolopleiding by Clakebury Metodiste Skool in Encobo begin, wat 'n Westerse styl inrigting en die grootste skool vir swartes in Temboeland was. Hy het sy Junior Sertifikaat in 1937 behaal en toe geskuif na die Metodiste kollege in Fort Beaufort, wat deur meeste Temboe koninklikes bygewoon is. Hier het hy sy belangstelling in die inheemse Afrika kulture ontwikkel, alhoewel die Engelse kultuur en regeringstelsel in hierdie kollege beklemtoon is. By hierdie skool het hy deelgeneem aan langafstand- atletiek en boks.

Nelson Mandela op 19 jarige ouderdom in 1937

Met Jongintaba se ondersteuning het hy in 1939 begin studeer aan sy BA-graad by die Universiteit van Fort Hare, 'n elite inrigting met 150 studente, in Alice in die Oos Kaap. Hier het hy vriende gemaak met Kaizer Mantanzima en Oliver Tambo, wat hegte vriende vir dekades geword het.

Met sy terugkeer na Mqhekezweni in Desember 1940 het hy gehoor 'n huwelik word vir hom gereël en vlug toe na Johannesburg, waar hy in April 1941 aankom. Hy het by 'n neef van hom losies gekry, wat hom aan Walter Sisulu, 'n ANC aktivis, voorgestel het en wat vir hom 'n werk as 'n ingeskrewe klerk by 'n liberale prokureursfirma gekry het., wat met die ANC gesimpatiseer het. Mandela het ingeskryf by UNISA vir 'n korrespondensie kursus in die regte. Na hy vroeg in 1943 sy eksamens geslaag het, het hy begin om 'n politieke loopbaan as 'n prokureur te volg.

Hy het by die aktiwiteite van die ANC en die Suid Afrikaanse Kommunistiese Party betrokke geraak, voordat hy twee keer gearresteer is weens hoogverraad en in 1964 tot lewenslange gevangenisstraf gevonnis is en vir baie jare op Robbeneiland aangehou is.

Na die eerste demokratiese verkiesing in April 1994 is Nelson Mandela, die President van die ANC, deur die Parlement as President verkies en op 10 Mei 1994 by die Uniegebou in Pretoria, as die eerste swart President van die Republiek van Suid Afrika, ingesweer. Weens die ooreenkoms wat tydens KODESA bereik is, is twee adjunk Presidente aangewys, naamlik Thabo Mbeki van die ANC en FW de Klerk van die Nasionale Party. Saam het hulle gedien in die nuwe Nasionale Regering van Eenheid onder die Interim Grondwet, wat onder ander verantwoordelik sou wees vir die opstel van 'n nuwe Grondwet van Suid Afrika. Alle partye wat in die verkiesing meer as 10% stemme verwerf het, is in die Nasionale Regering van Eenheid verteenwoordig.

President Nelson Mandela

President Nelson Mandela het 'n ikoon dwarsoor die wêreld geword. Hy en ook oud President FW de Klerk, is geloof vir die staatsmanskap wat hulle aan die dag gelê het om 'n vreedsame oorgang na die apartheidsera te bewerkstellig. Saam het hulle in 1993 reeds die Nobel Vredesprys ontvang vir hulle werk om 'n vredevolle beëindiging van die apartheidsregering te bewerkstellig, en vir die grondslag wat hulle gelê het vir 'n nuwe demokratiese Suid Afrika.

Tydens die oorgang van die minderheid apartheidsregering na 'n veelrassige demokrasie, het Mandela sy primêre rol as nasionale versoener gesien in sy tydperk as President.

Mandela se verhouding met FW de Klerk was egter gespanne. Mandela het gemeen de Klerk is moedswillig en de Klerk weer het gevoel hy word met tye verneder deur President Mandela.

President Mandela het in sy vyf jaar termyn hoofsaaklik die rol van 'n diplomatiese president gespeel en baie gedoen om die volkere in Suid Afrika te versoen. Die dag tot dag administrasie van die land het hy aan sy adjunk Presidente, veral aan Thabo Mbeki oorgelaat. Hy het ook baie staatshoofde in die buiteland besoek en ook van hulle hier in Suid Afrika ontvang. Op diplomatieke, ekonomiese en baie ander terreine het die wêreld weer vir Suid Afrika oopgegaan. Hy het deur sy betrokkenheid deur 'n

Springbok trui by die Springbokke se oorwinning van die Rugby Wêreldbeker in 1995 te dra, baie gedoen om die verskillende rasse nader aan mekaar te laat beweeg, al was dit dan ook net om nasietrots en aanvaarding van die nuwe Suid Afrikaanse vlag te bevorder. Hy het daarin geslaag om te transformeer van 'n vryheidsvegter tot 'n vredemaker. Hy het selfs by mev Betsie Verwoerd, die bejaarde weduwee van Dr HF Verwoerd, wat eerste minister was toe hy lewenslank tronk toe gestuur is, op Orania gaan tee drink en koeksisters eet. Hy het ook die Hoofstaatsaanklaer tydens sy Rivonia verhoor, Percy Yutar, by sy amptelike woning ontvang. Mandela se pogings om versoening te bewerkstellig het die vrese van baie witmense besweer, maar ook baie kritiek gekry van militante swartes

In sy termyn het die Waarheids en Versoeningskommissie onder voorsitterskap van Aartsbiskop Desmond Tutu tot stand gekom. Die kommissie het individuele amnestie aan persone toegestaan vir erkenning van misdade wat hulle in die apartheidsera gepleeg het. Vanaf 1996 is daar vir twee jaar verhore dwarsoor die land gehou, voor 'n finale verslag in 1998 uitgereik is. Alhoewel beide FW de Klerk en Thabo Mbeki appèl aangeteken het dat sekere dele van die verslag geskrap moes word, is slegs de Klerk se appèl toegestaan. President Mandela het die Kommissie se werk geloof en verklaar dat "dit gehelp het om weg te beweeg van die verlede en om te konsentreer op die toekoms."

Weens die oneweredige verdeling van welvaart is 'n "Reconstruction and Redevelopment Plan, (RDP)" deur die Mandela se administrasie ingestel. Weens 'n gebrek aan fondse is hierdie program egter afgeskaal en in 1996 vervang met 'n nuwe ekonomiese beleid, "Growth, Employment and Redistribution (GEAR)" wat klem geplaas het op 'n markgedrewe ekonomie en die aanmoediging van buitelandse investering. Baie ANC lede het gevoel dié beleid nie sosiale ongelykheid aangespreek het nie.

Reeds in Mandela se tydperk was daar al kritiek dat die regering nie genoeg gedoen het om die probleem van die MIV/VIGS pandemie in Suid Afrika hok te slaan nie. Hierdie probleem het hy aan Thabo Mbeki oorgelaat. Mandela is ook gekritiseer dat misdaad in sy termyn toegeneem het en dat sy administrasie nie toename in korrupsie kon hanteer nie. Daar was ook 'n toename in emigrasie van duisende opgeleide witmense wat wou ontkom aan die styging in misdaad, hoër belastings en die impak van regstellende aksie. Intussen was daar ook 'n toename van miljoene onwettige immigrante van ander armer dele van Afrika. Mandela het 'n beroep gedoen dat hulle as "broeders en susters" verwelkom moes word.

Mandela het geglo dat Suid Afrika se toekomstige buitelandse verhoudings gebaseer moes wees op menseregte en het ander nasies aangemoedig om hulle konflikte d.m.v. diplomasie en versoening op te los. Hy het Mbeki se wekroep vir 'n Afrika Renaissance ondersteun en was besorg oor baie konflikte in Afrika en het dikwels as mediator opgetree en toenemend gesteun op Thabo Mbeki om die binnelandse aangeleenthede te hanteer.

Die nuwe Grondwet van Suid Afrika is in Mei 1996 deur die Parlement goedgekeur. FW de Klerk het die implementering van die Grondwet geopponeer en die Nasionale Party, onder leierskap van Mnr FW de Klerk, het op 3 Junie 1996 aangekondig dat die party hom onttrek van die Regering van Nasionale Eenheid. Die hoofrede wat mnr FW de Klerk, wat toe ook 'n Adjunk President was, gegee het was die uitsluiting van gemeenskaplike besluitneming, die NP se gebrek aan invloed op regerings beleid, dat die NP 'n nuwe rol aangeneem het as 'n opposisie party, asook sy persoonlike besluit om in Augustus 1996 uit te tree. Die NP het later ook sy samewerking met die Waarheids- en Voorsienings Kommissie opgeskort, op grond van politieke partydigheid.

Mandela het in Desember 1997 tydens die ANC kongres uitgetree as President van die ANC en Thabo Mbeki is as ANC President verkies. Mandela en die ANC se uitvoerende komitee het Jacob Zuma as adjunk President van die ANC ondersteun, wat toe as sulks verkies is.

Na President Mandela se uittrede in 1999 het Thabo Mbeki, die President van die ANC, die tweede President na die demokratiese verkiesing in 1994, geword.

THABO MBEKI

Thabo Mbeki is op 18 Junie 1942 in Mbewuleni, Oostelike Kaapprovinsie gebore. Sy ouers was beide onderwysers en sy pa was Govan Mbeki 'n senior lid van die ANC en SAKP, wat saam met Nelson Mandela op Robbeneiland 'n gevangene was, weens hoogverraad en sabotasie.

Hy behoort aan die Xhosa bevolkingsgroep. Hy was op laerskool in Butterworth en hoërskool op Alice. In 1959 is hy uit die skool geskors weens sy aandeel in studente stakings. Hy het matriek geskryf in St John's Hoërskool, Umtata. Mbeki was betrokke by ondergrondse bedrywighede in die Pretoria en Witwatersrand gebiede en het studente gemobiliseer tot ondersteuning van die ANC se oproep in 'n tuisbly aksie uit protes teen die regering se strewe om 'n Republiek te word.

Thabo Mbeki is nooit weens sy bedrywighede in die ANC in Suid Afrika gearresteer nie. Met die verbanning van die ANC, het die organisasie besluit dat Mbeki eerder in bannelingskap moes *gaan. In Engeland het hy by Oliver Tambo gebly, terwyl hy in die ekonomie aan die Universiteit van Sussex studeer het en in Mei 1965 gegradueer het. Hierna wou hy hy by Mkhonto we Sizwe aansluit maar Tambo adviseer hom om eerder 'n meestersgraad in ekonomie te doen, wat hy in 1966 ook aan die Universiteit van Sussex verwerf het. In Oktober 1966 gaan werk hy voltyds vir die ANC in Londen. Vir die volgende drie dekades sou hy die saak van die ANC in die buiteland promoveer.*

Hy het vanaf Februarie 1969 vir 'n jaar ook in Moskou militêre opleiding aan die Lenin Internasionale Skool ontvang.

In April 1971 is hy saam met Oliver Tambo na Lusaka en word aangestel as assistant Sekretaris van die ANC Revolusionêre Raad. Dit was die eerste keer in nege jaar wat hy terug was in Afrika.

In die vroeë tagtigs is hy, saam met Jacob Zuma en Aziz Pahad deur Oliver Tambo aangestel om private samesprekings te hê met verteenwoordigers van die Nasionale Party regering. PW Botha is op hoogte gehou van dié samesprekings. Terselfdertyd was daar ook samesprekings tussen minister Kobie Coetsee en Dr Niel Barnard en Nelson Mandela aan die gang.

Dr Frederik van Zyl Slabbert



Mnr Thabo Mbeki

Intussen het Van Zyl Slabbert, voormalige leier van die PFP en Leier van die Opposisie in die Parlement, die Parlement in 1987 verlaat en sy eie Instituut vir Demokratiese Alternatiewe in Suid Afrika (IDASA) gestig. In Julie 1987 hou 'n afvaardiging van IDASA (in hul private hoedanighede) en lede van die ANC, onder andere Thabo Mbeki, samesprekings in Dakar, Senegal. Onderwerpe onder bespreking was die tot standkoming van fundamentele verandering in Suid Afrika, nasionale eenheid, strukture vir 'n regering van die toekoms en die ekonomie in 'n vrye Suid Afrika. Hierdie samesprekings van IDASA met lede van 'n verbande organisasie is deur die regering veroordeel.

Thabo Mbeki was a.g.v. sy agtergrond tydens sy Presidentskap meer akademies en eensydig as sy voorganger, Nelson Mandela en sy opvolger, Jacob Zuma. Gedurende sy termyn het die Suid Afrikaanse ekonomie gemiddeld met 4.5% gegroei, wat werk geskep het vir die middel sektore in die ekonomie. Die swart middelklas het beduidend gegroei, met die implementering van "Black Economic Empowerment (BEE"). Hierdie groei het die aanvraag na opgeleide werkers vergroot, maar het nie bygedra om werkloosheid onder die onopgeleide massa van die bevolking op te los nie. Hy het baie buitelandse beleggers gelok, wat Suid Afrika die fokus van groei in Afrika gemaak het. Hy was die argitek van NEPAD ("New Partnership for Africa's Development") wat se doel was om 'n oorkoepelende visie en beleidsraamwerk te skep wat die ekonomiese integrasie onder Afrika lande sou versnel.

Hy het ook suksesvolle ekonomiese brûe tussen Brasilië, Rusland, Indië en China help bou wat eindelik gelei het tot die ekonomiese samewerking onder die sogenaamde BRICS lande.

Soos Mandela was hy ook aktief as mediator in konflikte op die Afrika vasteland. Sy beleid van "stille diplomasie" met Zimbabwe, wat bygedra het tot die uitgerekte bewind van Robert Mugabe, is egter kwaai gekritiseer.

Van die hewigste kritiek tydens sy termyn was sy hantering van die HIV en VIGS pandemie in Suid Afrika. Hy het halsstarrig geweier om te aanvaar dat VIGS deur die HIV virus veroorsaak word. Hierin is hy verder mislei deur sy minister van Gesondheid, Manto Tshabalala-Msimang, wat onder andere knoffel aanbeveel het vir pasiënte wat die HIV virus onder lede gehad het. Hulle weiering om antiretrovirale middels in staatshospitale beskikbaar te stel, het waarskynlik gelei tot die vroeë sterftes van tot 365,000 mense !

In 2005 het Mbeki vir Jacob Zuma uit sy pos van adjunk President verwyder nadat Zuma impliseer is in ‘n korrupsieskandaal. Op daardie stadium was daar reeds groot tweespalt tussen Zuma en Mbeki ondersteuners in die ANC.

Op Desember 2007, met op daardie stadium die huidige ANC President en Suid Afrikaanse President, Thabo Mbeki, as sy opponent, word Jacob Zuma met ‘n groot meerderheid tot President van die ANC in Polokwane verkies.

In September 2008 het Regter Chris Nicholson van die Hooggeregshof in Pietermaritzburg bevind dat Zuma se korrupsie aanklagte onwettig was op grond van verkeerde prosedures en dat daar rede was om te glo dat die korrupsie aanklagte teen Zuma polities gemotiveerd was deur Mbeki. Zuma se naam is in ere herstel en dit het die weg gebaan dat hy kon staan vir President in die volgende verkiesing.

Die NUK van die ANC het gevolglik besluit om Mbeki uit sy amp as President te herroep. Hy het dié besluit aanvaar en op 22 September 2008 het die Parlement sy bedanking aanvaar. Die ANC President, Jacob Zuma, het nie grondwetlik gekwalifiseer om hom op daardie stadium op te volg nie, aangesien hy nie die adjunk President van Suid Afrika, die Speaker van die Parlement of ‘n dienende lid van die Parlement was nie. Zuma het egter voorgestel dat die ANC adjunk President, Kgalema Motlanthe, wat ‘n lid van die Parlement was, vir die tydperk tot die volgende verkiesing as plaasvervangende President ageer en Baleka Mbete as adjunk President.

Thabo Mbeki het intussen aansoek gedoen by die Appèlhof om te appelleer teen die bevinding van Regter Chris Nicholson se bevinding in die Hooggeregshof in Pietermaritzburg.

In Januarie 2009 bevind Regter Louis Harmse van die Appèlhof in Bloemfontein oor Regter Chris Nicholson se bevinding dat Mbeki nie polities ingemeng het met die aanklagte teen Jacob Zuma nie en dat daardie hof sy perke van outoriteit oorskry het.

Die bedanking van Thabo Mbeki het egter van krag gebly.*ne*

JACOB ZUMA

Jacob Zuma is gebore op 12 April 1942 in Nkandla, in die destydse Natal, nou deel van KwaZulu-Natal. Sy pa was ‘n polisieman en sy ma ‘n huiswerker. Hy het geen formele skoolopleiding gehad nie. Hy het dikwels rondgetrek in Natal, waar hy onder andere vee opgepas het. Hy behoort aan die Zoeloe bevolkingsgroep.

Jacob Zuma het op ‘n vroeë ouderdom by die politiek betrokke geraak en sluit in 1959 by die ANC aan. In 1962 word hy ‘n aktiewe lid van die Mkonto we Sizwe (MK) , na die verbanning van die ANC in 1961. In 1963 sluit hy ook by die SAKP aan. In daardie jaar word hy gearresteer en skuldig bevind aan sameswering om die wit minderheidsregering om ver te werp. Hy is tot tien jaar gevangeneskap gevonnis wat hy in dieselfde tyd as Nelson Mandela op Robbeneiland uitgedien het. Na sy ontslag was hy betrokke by die stigting van ondergrondse strukture van die ANC in Natal en was ook betrokke by die ANC se Departement van Intelligensie, waarvan hy later die hoof geword het. Hy verlaat SA in 1975 na Swaziland en Mosambiek, waar hy te doene het met duisende swart uitgewekenes uit SA, ná die Soweto

onluste. In 1977 word hy lid van die ANC se Nasionale Uitvoerende Komitee. Na ondertekening van die Nkomati Akkoord word hy in 1984 Hoof Verteenwoordiger van die ANC in Mosambiek. Hy dien ook op die ANC se politieke en militêre komitees wat in die middel 80's gestig is en word verkies tot die SAKP se politburo in 1989. In 1986 word hy en vyf ander senior ANC lede, op versoek van die SA regering, uit Mosambiek gedeporteer en hy gaan na Lusaka, waar hy aangestel word as hoof van ondergrondse strukture en kort daarna, as hoof van die ANC Intelligensie Departement.

Na die ontbanning van die ANC in 1990 keer hy terug na Suid Afrika. Hy word Voorsitter van die ANC Suid Natal streek en neem 'n leidende rol teen die binnegevegte tussen ANC en die Inkatha Vryheid Party (IVP). In 1991 word hy Adjunk Sekretaris Generaal van die ANC.

Jacob Zuma

In 1994 word hy genomineer as die ANC se kandidaat vir die Premierskap vir KwaZulu Natal. Die IVP wen egter die verkiesing in KwaZulu Natal en Zuma word die LUR vir Ekonomiese Sake en Toerisme en staan opsy, sodat Thabo Mbeki as ongeopponeerde kon staan as die ANC kandidaat vir Adjunk President. In 1994 is hy verkies as Voorsitter van die ANC in KwaZulu Natal en weer in 1996. Hy word verkies tot Adjunk President van die ANC tydens die Nasionale Konferensie in Mafikeng in Desember 1997 en word gevolglik Adjunk President van Suid Afrika in 1999 onder Thabo Mbeki.

Tydens sy termyn as Adjunk President word Jacob Zuma betrek in 'n korrupsie kontroversie, na sy finansiële adviseer, Schabir Shaik, aangekla is weens korrupsie en bedrog. Bulelani Ngcuka, die Nasionale Direkteur van Publieke Vervolging, het beide Zuma en die Hoof Sweep van die ANC Tony Ngeni, ondersoek vir bewerings van misbruik van mag. Dit het verband gehou met die ongerymde beïnvloeding in die kontroversiële wapentransaksie en die vraag of hulle finansieel bevoordeel is weens hulle invloed. Die saak is laat vaar teen Zuma, alhoewel Ngcuka gesê het daar is prima facie getuienis teen korrupsie, maar onvoldoende om die hofsaak te wen.

In 2004 is Zuma weer prominent uitgewys in die Schabir Shaik verhoor. Laasgenoemde is uitgevra oor omkopery in die verloop van die aankoop van nuwe fregatte vir die Suid Afrikaanse Vloot, 'n voorgestelde waterfront ontwikkeling in Durban en die kwistige spandering op Zuma se huis in Nkandla. In die verhoor het dit aan die lig gekom dat Zuma met R500 000 per jaar deur Shaik omgekoop is vir sy

steun met die kontrak, soos gedokumenteer in die berugte “gekodeerde faks”. Shaik is in Junie 2005 skuldig bevind en gevonnis tot 15 jaar gevangenisstraf. Regter Hilary Squires het in detail uitgebrei oor verskeie transaksies tussen Zuma en Shaik en opgesom dat “ al die aangeklaagde maatskappye op een of ander tyd gebruik is om somme geld aan Jacob Zuma te betaal”. Hy het gesê dit sou eng wees van hom (Shaik) om nie te besef het hoe voordelig dit vir hom sou wees om voort te gaan om Zuma se guns te ontvang nie en indien niks ooit tussen hulle gesê is nie, hulle beide uit hierdie simbiotiese omstandighede voordeel getrek het.

Twaalf dae later het Mbeki Zuma op 14 Junie 2005 ‘n gesamentlike sitting van die Parlement meegedeel dat die agbare Jacob Zuma van sy verantwoordelikhede as Adjunk President en lid van die kabinet onthef word. Zuma het ook toe as lid van die Parlement bedank.

Dit sou die begin wees van bitter binnegevegte in die ANC tussen Mbeki en Zuma en hulle onderskeie ondersteuners, asook in die howe. Dit het duidelik geword dat Mbeki en Zuma twee verskillende faksies in die ANC verteenwoordig. Mbeki was meer mark gedrewe georiënteerd (waarskynlik a.g.v. sy blootstelling aan Engeland tydens sy ballingskap) en Zuma die populis met sy sosialistiese benadering en sy Afrika siening dat die leier onaantasbaar is en sy manier van doen nie bevraagteken moet word nie. Ook nie deur die Grondwet of die howe nie !

Na die Shaik verhoor is Zuma formeel aangekla weens korrupsie deur die Nasionale Vervolgings Gesag. Ten spyte van Zuma se opmerking dat hy graag sy dag in die hof wil hê om sy onskuld te bewys, het sy regspan vertragingstaktiek gebruik om kritiese getuienis te weerhou, wat gelei het tot ‘n aansoek van die aanklaers vir uitstel van die saak. Weens tegniese regsprosedure is hierdie aansoek nie toegestaan nie en die saak van die rol geskrap. Zuma se regspan het toe aansoek gedoen vir ‘n permanente ter syde stelling van die aanklagte, wat sou voorkom dat Zuma verder krimineel vervolg sou word, maar die hof het besluit dat daar ‘n dispuut hieroor was. Dit het beteken dat Zuma steeds aangekla kon word wanneer die Nasionale Vervolgingsgesag se voorbereiding van die saak voltooi was.

In Desember 2005 is Zuma aangekla van verkragting van ‘n 31 jarige vrou in sy huis in Forest Town, Johannesburg. Sy was van ‘n prominente ANC familie, die dogter van ’n “struggle comrade” van Zuma wat reeds oorlede was. Sy was ook ‘n VIGS aktivis en was HIV-positief. Zuma het die aanklag ontken en het aangevoer dat hulle seksuele omgang met konsensus was. Meeste van sy hoër vlak politieke ondersteuners het nie positief op hierdie situasie gereageer, soos tydens sy korrupsie aanklagte, nie. Soos die verhoor voortgegaan het dit duidelik geword dat daar tweespalt in die SAKP was hoe om hul verhouding met Zuma te hanteer. Baie lede was skepties of dit waarde het om ‘n persoon soos Zuma te ondersteun. Baie van die SAKP se Jeugvleuel het hom egter steeds ondersteun.

Die verhoor was ook polities kontroversieel vir Zuma, wat op daardie stadium hoof was van die Nasionale VIGS Raad, toe hy erken het dat hy geen voorsorgmaatreël getref het, wetende dat sy HIV-positief was. Sy verweer dat hy daarna gaan stort het, het ook nie bygedra om sy naïwiteit om die aangeleentheid te verbloem nie. Op 8 Mei 2006 is hy onskuldig bevind van verkragting omdat die hof bevind het die die intimiteit het met konsensus plaasgevind. Die regter het die klaagster skerp veroordeel omdat sy vir die hof ‘n leuen vertel het, maar ook vir Zuma berispe vir sy roekelose gedrag.

Die politieke skade vir die ANC was onberekenbaar en hulle was nou openlik verdeeld. Ook vir die SAKP en COSATU was dit ‘n verleentheid dat hulle hom entoesiasties gesteun het as die land se volgende President.

Zuma het egter sy onskuldigbevinding as ‘n politieke oorwinning gesien. Die ANC sou dit moeilik vind om sy opmars na Lethuli Huis, die ANC se hoofkwartier, te stuit. Die vooruitsig van Zuma se terugkeer as ‘n kandidaat vir die Presidensie het ook internasionale beleggers bekommer.

In November 2007 het die Appèlhof uitspraak gelewer ten gunste van die Nasionale Vervolgingsgesag ten opsigte van appèlle wat gespruit het uit verskeie beslagleggings prosedures deur hulle. Die vier appèlle hieroor deur Zuma se regspan is verwerp. Dit het die Nasionale Vervolgingsgesag gemagtig om die persoonlike dagboek van senior lede van die Franse maatskappy te bekom, wat inligting kon verskaf rakende Zuma se persoonlike korrupsie praktyke ten tyde van die wapen transaksie.

Op 28 Desember 2007 het die Skerpioene Zuma gedagvaar om in die Hooggeregshof te verskyn op verskeie aanklagte van afpersing, geldwassery, korrupsie en bedrog. ‘n Skuldigbevinding op hierdie aanklagte en gevangenisskap van meer as een jaar sou Zuma gediskwalifiseer het vir verkiesing tot die Parlement en hy sou gevolglik ook nie verkiesbaar kon wees om te dien as President van Suid Afrika nie.

Op 4 Augustus 2008 verskyn Zuma in die hof en op 12 September 2008 bevind Regter Chris Nicholson dat Zuma se korrupsie aanklagte onwettig was op grond van ‘n onreëlmatige prosedure deurdat die Nasionale Vervolgingsgesag hom nie geleentheid gegee het om voorleggings te maak voordat daar besluit is om hom aan te kla nie, soos deur die Grondwet voorgeskryf word nie. Die Regter het ook bygevoeg dat hy glo dat politieke inmenging ‘n groot rol gespeel het in die besluit om Zuma aan te kla. Hy het ook gesê sy bevinding dui nie op Zuma se skuld of onskuld nie, maar dat dit bloot ‘n punt van foutiewe prosedure was. Baie media verslae het foutiewelik berig dat Zuma onskuldig bevind is. Die Nasionale Vervolgingsgesag kon hom weer aankla, nadat hy geleentheid gehad het om voorleggings aan hulle te maak.

Die tydsberekening deur die waarnemende direkteur van die NVG, om Zuma op 28 Desember 2007, kort nadat President Mbeki ‘n politieke nederlaag teen Zuma gely het om herverkies te word tot die amp as President van die ANC, was ongelukkig. Die feit dat die Direkteur van die NVG, mnr Pikoli geskors was en veronderstel was om onafhanklik en immuun teen inmenging te wees, het die regter oortuig dat daar politieke inmenging in die besluit was.

Op grond van hierdie uitspraak het die ANC Nasional Uitvoerende Komitee besluit op Thabo Mbeki nie verder in die Parlement te ondersteun nie en het hy bedank op 22 September 2008.

Thabo Mbeki het egter teen hierdie bevinding van politieke inmenging aansoek gedoen tot appèl by die Appel Hof. Op 12 Januarie 2009 moes Regter President Louis Harmse van die Appèlhof in Bloemfontein oor twee aspekte van Regter Chris Nicholson se bevindings uitspraak lewer. Eerstens, oor die kwessie of Zuma geleentheid moes gehad het om voorleggings aan die NVG te maak, bevind hy dat Nicholson se interpretasie van seksie 179 van die Grondwet foutiewelik was en dat die NVG nie om voorleggings hoef te gevra het nie en geregtig was om Zuma aan te kla. Op die tweede kwessie of daar politieke inmenging in die besluit was, het hy bevind dat die laer hof “hulle perke van outoriteit oorskry het “.

Alhoewel Mbeki se appèl gehandhaaf is, het sy bedanking as President bly staan.

Terwyl Zuma as Adjunk President gedien het, het hy baie steun uit die linkervleuel van die ANC geniet, wat ingesluit het die ANC Vroueliga, die ANC Jeugliga, die SAKP en COSATU. Terwyl hy aangekla is van

korrupsie, het hierdie organisasies hom steeds gesteun. Die invloed van die semi-outonome strukture in die party het Zuma gehelp om steun te geniet, ten spyte daarvan dat hy as Adjunk President afgedank is.

In 2009 wen die ANC die nasionale verkiesing en as President van die ANC word hy aangewys as die derde President na 1994 en op 9 Mei 2009 ingesweer as President van Suid Afrika.

In Maart 2009 is Schabir Shaik uit die tronk vrygelaat op mediese parool nadat hy slegs 28 maande van sy 15 jaar vonnis uitgedien het. Ten spyte van mediese getuienis dat hy fiks en gesond was, is hierdie mediese parool aan hom toegestaan, wat normaalweg slegs vir terminaal siek persone geld. Daar was spekulasie dat Zuma 'n rol hierin gespeel het, maar dit is deur die ANC ontken, alhoewel Zuma slegs dae voor Shaik se vrylating opgemerk het dat hy as President van Suid Afrika, Shaik sou vrylaat.

As President van Suid Afrika is dit van Zuma verwag om sy persoonlik finansiële belange binne 60 dae na sy ampsaanvaarding te verklaar. Na 9 maande het hy dit nog nie gedoen nie. In antwoord op opposisie partye en COSATU se aandrang dat hy dit moet doen, is deur 'n ANC woordvoerder aangevoer dat weens sy groot familie moeilik is om sy bates te verklaar. Die ANC het hulle later van hierdie stelling distansieer en Zuma het kort daarna sy bates verklaar.

By die ANC Konferensie in Mangaung in 2013 is Jacob Zuma herkies as die President van die ANC deur Kgalema Motlanthe te verslaan.

Dit is rapporteer dat ten minste vier van die elf ANC streekleiers in KwaZulu-Natal van mening was dat Zuma nie 'n tweede termyn as President moes hê nie. Hierdie siening het in November 2013 steun begin kry tydens die konferensie om die ANC se nasionale lys te bepaal, maar het momentum verloor met die dood van Nelson Mandela.

Zuma het amptelik die afsterwe van Nelson Mandela op 5 Desember 2013 aangekondig. By sy roudiens te midde van baie internasionale staatshoofde is hy uitgejou deur 'n groot deel van die roubeklaers. Daar is toe reeds gevoel dat Zuma van die swakste kwaliteite van die volk verteenwoordig.. Hy is begin sien as 'n bevlekte president van 'n falende regering wat gaan lei tot 'n piesang republiek.

In Januarie 2014 is berig dat Zuma die enigste kandidaat vir die ANC in die opkomende nasionale verkiesing sou wees. Ten spyte van spekulasie van die teendeel a.g.v. al die kontroversie rondom Zuma, is verklaar dat die ANC verenig was om Zuma en dat dit ANC tradisie is dat die President van die ANC die kandidaat vir die President van Suid Afrika moes wees.

Na Zuma President geword het is sy privaat woning by Nkandla in KwaZulu-Natal vir R246 miljoen opgegradeer, vir sogenaamde sekuriteitsredes. In November 2013 het die opposisie partye Zuma daarvan beskuldig dat die belastingbetalers se geld ook gebruik is vir privaat verbeterings aan sy huis. Zuma het in die Parlement gesê hy is onbewus daarvan, maar sal ondersoek instel. Die Openbare Beskermer(OB) het bevind dat Zuma en sy familie onbehoorlik by die opgraderings gebaat het met 'n swembad, 'n amfiteater, 'n beeskraal en hoenderhokke en dat hy die etiese kodes verontagsaam het deur nie navraag te gedoen het oor die skaal en koste van die Nkandla projek nie. Die OB het ook bevind dat die geld vir sy persoonlike verbeterings, terugbetaal moes word aan die staat. Ná 'n lang gesloerdery en met verslae van 'n Spesiale Ondersoek Eenheid en 'n Parlementêre ad hoc komitee wat Zuma probeer verontskuldig het , het die opposisie partye die saak na die Konstitusionele Hof (KH) geneem om vas te stel of die OB se verslag bindend was op die President. Kort vóór die verhoor van die Konstitusionele Hof in 2016, het Zuma se regsverteenwoordigers tot die gevolgtrekking gekom die OB se verslag is wel bindend en dat

Zuma gereed is om ‘n deel van die kostes terug te betaal ! In Maart het die Konstitusionele Hof eenparig bevind die OB se verslag is bindend en dat Zuma en die Nasionale Vergadering daarin gefaal het om die Grondwet te eerbiedig. Die Konstitusionele Hof het die Nasionale Tesourie opdrag gegee om die bedrag te bepaal wat Zuma moes terugbetaal.

Beide die DA en die EFF wat die aansoek gebring het, het geëis dat Zuma bedank. Hy het egter hom verontskuldig deur te verklaar dat hy nog altyd van plan was om die geld terug te betaal en dat hy gemerk het die Konstitusionele Hof bevind het dat dit sy reg was om ander ondersoeke in te stel en dat hy eerlik en in goedertrou opgetree het en dat hy nooit sy amp misbruik het nie. Oor hierdie naïewe waninterpretasie van die Konstitusionele Hof se uitspraak is hy hewig gekritiseer !

Zuma se hegte en na bewering korrupte verhouding met die Gupta familie van Indië, wat hulle in Suid Afrika kom vestig het, was nog altyd ‘n groot bron van ontevredenheid by beide sy eie party, die ANC, en die Suid Afrikaanse publiek. Opposisie partye het bewerings gemaak van staatskaping, nadat dit aan die lig gekom het dat die Guptas, wat noue bande met Zuma, sy familie en ander ANC lede het, kabinetsposte aan persone aangebied het en die regering beïnvloed het in hulle hantering van die landsbestuur.

Voorbeelde hiervan is die ontslag van die Minister van Finansies, Nhlanhla Nene, in Desember 2015, ten gunste van die onbekende David van Rooyen, omdat Nene nie wou toestemming gee vir kontroversiële aanwending van staatsfondse, soos die aankoop van 5 Airbus A330 vliegtuie, sy weerstand teen die beoogde kernkrag transaksie met Rusland en dat hy nie die aankoop van ‘n R4 miljard Boeing 787 as presidensiële vliegtuig wou goedkeur nie. Sterk bande tussen Van Rooyen se hoofadviseur en die Guptas het ‘n paar maande later aan die lig gekom, wat die suspisie van staatskaping vergroot het.

Die afdankingvan Nene het sterk negatiewe reaksie op internasionale markte gehad, wat die Rand se waarde met 10% laat daal het en ‘n geskatte R180 miljard beleggings van die Johannesburg se Effektebeurs onttrek is. Die sakesektor, opposisie partye, COSATU en ander vakbonde, die SAKP, sowel as baie senior lede van die ANC, het ‘n ernstige beroep op Zuma gedoen om om sy besluit om te keer. ‘n Senior ANC afvaardiging het Zuma ontmoet en hom gedwing om weer Nene of die voormalige minister van finansies, Pravin Gordham aan te stel. ‘n Paar uur later het Zuma toegegee en Pravin Gordham weer as minister van finansies aangestel. Hierdie insident het die kloof tussen Zuma en die res van die ANC vergroot, insluitend die Adjunk President, Cyril Ramaphosa. Hierdie gebeure het die impulsiewe Zuma weereens as ‘n swak leier ontbloot.

Die Openbare Beskermer, Thuli Madonsela, se verslag na haar ondersoek oor staatskaping, is eers ná haar ampstermyn en na vertragingstaktiek van Zuma, uiteindelik op 2 November 2016, bekend gemaak. Die verslag het betekenisvolle wangedrag, konflik van belange en korrupsie bevind, wat alles direk na Zuma, sy seun Duduzane Zuma en die Guptas teruggevoer kon word. Die gedrag van Zuma was totaal oneerlik en onbetaamlik vir ‘n nasie se President en ‘n skending van die Uitvoerende Etiese Kode.

Die verhoudinge tussen Zuma en Pravin Gordhan en sy adjunk, Mcebisi Jonas, was deurgaans gespanne. Daar was gereeld berigte dat die Valke Pravin Gordhan ondersoek en hom voor die hof gaan daag. In die vroeë ure van 31 Maart 2017 het Zuma ‘n kabinetskommeling aangekondig waarin hy Pravin Gordhan en sy adjunk Mcebisi Jonas ontslaan het en Malusi Gigaba aangestel is as die nuwe minister van finansies. Hierdie kabinetskommeling is sterk deur Adjunk President Cyril Ramaphosa en ander senior ANC en

SAKP lede gekritiseer, wat gelei het tot herhaalde beroepe op Zuma om te bedank, asook ‘n mosie van wantroue in hom deur die Parlement.

Kort na Gordhan se afdanking het die graderings agentskap, Standard en Poor en Moody’s Suid Afrika se ekonomie tot rommelstatus verlaag. Daar was toe protesoptogte deur lede van die publiek in al die groot stede teen Gordhan se afdanking, met lede van verskillende opposisie partye wat saam daaraan deelgeneem het en geëis het dat Zuma moet bedank.

Ten spyte van sy ongewildheid en die feit dat hy verantwoordelik was vir ‘n beduidende verlies aan steun vir die ANC in die Munisipale verkiesings, het die ANC Nasionale Uitvoerende Komitee niks gedoen om hom van die Presidentskap te laat afsien nie.

In Augustus 2017 was dit die agtste keer dat ‘n mosie van wantrou deur die DA, as grootste opposisieparty in die Parlement, in Zuma ingestel. Hierdie keer het die Speaker ‘n geheime stemming toegelaat. Die mosie was verslaan, maar ongeveer 20 ANC lede het vir die mosie gestem, met 25 lede wat buite stemming gebly het

*(Op **6 April 2009** is alle aanklagte deur die NVG, teen Jacob Zuma laat vaar, sowel as teen sy mede-beskuldigde, die Franse maatskappy, Thint, in die lig van sekere nuwe onthullings in die gebreke van die aanklagte. Hierdie onthullings het aan die lig gebring dat daar ‘n gekonkel was tussen die hoof van die Skerpioene en die Nasionale Direkteur van Vervolging oor die tydsberekening van die aanklag teen Zuma, tot die voordeel van Mbeki. Dié aankondiging is gemaak deur die waarnemende Direkteur van die NVG, Mokothedi Mpshe, wat beklemtoon het dat die terugtrekking agv misbruik wat die regstelsel “besmet” het en nie neerkom op ‘n onskuldigbevinding nie. Voor hierdie aankondiging het politieke partye aangedui dat hulle hulle hul eie regsmening sal kry, indien die aanklagte laat vaar word, aangesien hulle van mening was dat Mpshe se besluit nie “op regsbeginsels berus nie maar gebuk gegaan het onder politieke druk.)*

Op **29 April 2016** het die Hooggeregshof in Pretoria egter bevind die besluit wat geneem is deur die voormalige waarnemende Direkteur van die NVG, Mpshe, om die aanklagte teen President Zuma terug te trek, *irrasioneel* was. Die bevinding van 2009 word ter syde gestel en *die huidige Direkteur van die NVG ,* Shaun Abrahams*, moes nou besluit of die NVG Zuma weer gaan aankla van van korrupsie. Jacob Zuma en die NVG het egter ‘n aansoek gebring om die bevinding van 29 April 2016 te hersien. Op 13 Oktober 2017 is die uitspraak van 29 April 2016 gehandhaaf,* wat die weg weer baan dat Jacob Zuma van korrupsie aangekla kan word. Hy het tot 30 November 2017 geleentheid om redes te verskaf waarom die NVG hom nie moet aankla nie.

Intussen ondersteun Jacob Zuma sy voormalige vrou, Dlamini Zuma, se kandidatuur as President van die ANC se Konferensie in Desember 2017. Alhoewel sy termyn as President tot 2019 is, sou hy graag wil hê dat sy hom as President van Suid Afrika moet opvolg om hom dan hopelik vry te stel van die hangende klagtes teen hom

In Desember 2017 by die ANC Konferensie in Nasrec word Cyril Ramaphosa egter as President van die ANC met ’n klein meerderheid verkies. Ook die verkiesing van die Nasionale Uitvoerende Komitee is redelik gelykop tussen die pro en anti Zuma faksies in die ANC, asook in die verteenwoordiging in die sogenaamde top ses.

Cyril Ramaphosa

Die druk uit ANC geledere het egter steeds toegeneem. 'n Verdere mosie van wantroue is teen President Zuma voorgestel, maar voor dit kon plaasvind en na nog baie druk op hom het hy sy bedanking as President van Suid Afrika op 14 Februarie 2018 aangekondig, 'n jaar en drie maande voor die einde van sy tweede termyn. Ironies genoeg het hy verklaar dat niemand nog tot op daardie stadium vir hom gesê het wat hy verkeerd gedoen het nie.

Cyril Ramaphosa is die volgende dag deur die Hoofregter van die Konstitusionele Hof as Staatspresident ingesweer.

Hy het ongelukkig toe nog nie 'n vrye mandaat gehad nie, maar het reeds 'n paar kabinetskuiwe gemaak. Ook die Direkteur van die Nasionale Vervolgings Gesag, Shaun Abrahams, is afgedank. Ook het die Noord Gautengse Hooggeregshof op 13 Desember 2018 bepaal dat Zuma miljoene Rande van die belastingbetalers se geld moet terugbetaal, wat hy onwettig aangewend het om hom teen sy korrupsie en bedrogklagtes te verdedig !

Alle oë was toe op die Algemene Verkiesing in Mei 2019 gerig en of Cyril Ramaphosa 'n sterker mandaat sal kan kry om verdere politieke hervormings teen staatskaping en korrupsie te kan deur te voer.

1 Julie 2022:

Intussen is die Suid-Afrikaanse politiek oorheers deur die gevolge van die sogenaamde Staatskaping en korrupsie deur die Gupta broers en ander ANC kaders in hoë staats posisies en die Zondo Kommissie se Ondersoek na Staatskaping. Die skeuring in ANC-geledere tussen Ramaphosa ondersteuners en die sogenaamde “Radical Economic Transfer (RET)” groep onder leiding van Ace Magashule duur voort en in

die Munisipale Verkiesing van 2022 het die ANC aansienlik steun verloor, hoofsaaklik as gevolg van swak munisipale dienslewering. Die voorspelling was toe dat die ANC in die Algemene Verkiesing van 2024 waarskynlik minder as 50% van die totale stemme gaan behaal ! In bykans dertig jaar kon die ANC nie daarin slaag om ’n oorgang van ’n **vryheidsbeweging** tot ’n suksesvolle **politieke party** te maak nie !

‘n Nagedagte:

Politici besef skynbaar dikwels nie wanneer hulle tyd verby is nie, of dat hulle planne dalk nie uitgewerk het nie en dat ‘n jonger geslag ander persepsies het hoe om die probleme van die land te hanteer nie. Hulle kán eenvoudig net nie die leisels oorgee nie ! Veral as hulle drooggemaak het !

Politici moet nie *heers* nie ! Dit is nie hulle *mandaat* nie. Hulle word immers verkies om namens *ál* die kiesers (en nie net dié wat wat hulle ondersteun nie), die land te administreer en te bestuur op die terrein van staatshuishouding. Hulle moet ook na die belange van minderheidsgroepe in die land omsien ! Hulle is nie daar sodat die kiesers (volk/nasie) *húlle* agendas moet dien nie ! Húlle moet die **bevolking** ,wat húlle tyd aan ander belangrike sake moet bestee om so ook die land en sy bevolkingsgroepe te bedien, te ontwikkel en instant te hou, dien ! Iewers het hierdie belangrike beginsel van volkshuishouding- en bestuur ontspoor en verkeerd geloop ! ‘n Demokrasie beteken tog ‘n verkiesing van **‘n *regering ván die bevolking, deur die bevolking en tot voordeel van alle lede van die bevolking !***

Daar is nie plek vir mag, hebsug en selfverryking en korrupsie in enige regeringsbestel nie !

Terug na Inhoudsopgawe